

Hierdie nommer van T.N.&A. bevat 'n aantal artikels wat voortkom uit uitgebreide navorsingsprojekte: oor kultuurstereotipering in Nederlandse skoolhandboeke, die situasie in die oorgangstyd toe Nederlands in Suid-Afrika vervang is deur Afrikaans, die eise by teksredaksie en die nalatenskap van Multatuli in die Suid-Afrikaanse literêre wêreld. Dit word aangevul met 'n artikel oor bepaalde kunsgrepe in die romans van J.M. Coetzee en 'n waardering oor die rol van G.R. von Wielligh by die skep van 'n leeskultuur in Afrikaans.

Die vertrekpunt in Engelbrecht, Sercu, Van der Westhuizen en Praag se studie oor “Kultuurstereotipering in Nederlandse moedertaal-taalhandboeke” is die aanname dat teksboeke die eietydse sosiale en politieke orde weerspieël. Daar word na aanleiding hiervan vervolgens ingegaan op visuele materiaal in die handboekreeks *Nieuw Nederlands 4, 5 en 6 vivo*. Weens beperkinge met kopiereg kan heelwat van die materiaal ongelukkig nie afgedruk word nie en moet volstaan word met beskrywings daarvan. 'n Kritiese Diskoers-analise, gesteun deur 'n tematiese analise word uitgevoer. Uit die bevindings blyk dat die retoriese bevestiging van die “andersheid” van die “ander”, wat Teun van Dijk in 1987 met sy navorsing oor Nederlandse skoolteksboeke aangewys het, steeds geld. Ook die visuele materiaal in hierdie boeke presenteer die dominante blanke groep as model teenoor die verteenwoordigers van probleembelaaide, armoedige en primitiewe nie-Westerse wêreld.

Die Stellenbosse Neerlandistiekvereniging “Ons Spreekuur” (1895-1919) word deur Ingrid Glorie ondersoek om 'n beeld te vorm van 'n oorgangstyd toe Nederlands in sommige sentra in Suid-Afrika nog aangehang is as intellektuele medium terwyl Afrikaans elders reeds hierdie rol oorgeneem het by Afrikaanssprekendes. “Ons Spreekuur” is te meer interessant in dié opsig omdat verskeie latere politieke, godsdienstige en kulturele leiers in hul studentejare daaraan behoort het en taalhistories belangrike voordragte by van die byeenkomste gelewer is. Prof. W.J. Viljoen, leidende figuur in die sogenaamde “Hollandse beweging” en oprigter van die vereniging, word ook gestel teenoor sy oud-student, die later eweneens bekende taalprofessor en vegter vir Afrikaans, E.C. Pienaar.

Van de Poel en Carstens lewer verslag van 'n ondersoek na die teoretiese begronding van wat in Nederlands meesal “tekstredactie” genoem word en in Afrikaans “teksredigering” of “teksredaksie”. Omskrywings en kriteria in bestaande bronne ten opsigte van hierdie professie word geplaas naas data versamel uit vraelyste in Suid-Afrika, Nederland en Vlaandere. Die fokus is veral op die soort kennis en vaardighede wat as voorvereiste gesien word vir die professie en die eienskappe en ingesteldheid wat vakgenote verwag van 'n redigeerder. Die bevindings moet volgens hulle die basis

help vorm by toekomstige beroepsopleiding.

Van den Oever se studie is vir 'n belangrike deel gerig op die “disinclination” en “disorientation” wat J.M. Coetzee se werk by sy lesers sou veroorsaak. Dit het veral te make met sy besondere spel met die verhouding tussen literatuur en werklikheid en sy afweermeganismes teen allegoriese lesings van sy werk. Sy roman *Disgrace* (1999) word as voorbeeld geneem van anti-allegoriese en volkome subversiewe fiksie wat enersyds 'n allegoriese lesing uitlok, maar dit juis ook teenwerk. Van den Oever wys aan dat Coetzee in die proses gelyktydig twee onverenigbare interpretasies aan die gang sit op die manier wat die Franse skrywer Francois Rabelais (1494?-1553) dit gedoen het, soos beskryf deur die Russiese letterkundige Michaël Bachtin in sy studie (vertaal as) *Rabelais and his world*.

Van Coller se artikel het tot stand gekom met die herdenking van die 150ste geboortedag van G. R von Wielligh (1859 - 1932). Hy wys op die relatiwiteit van 'n herwaardering van 'n skrywer wat nagenoeg in die literatuurgeskiedenis verdwyn het. Hierby beroep hy hom onder meer op Harold Polis se uitsprake soos dat daar “geen tijdlose boeke” bestaan nie. Dit hou volgens Van Coller nie slegs 'n vorm van kanoniserings in nie, maar ook ideologiese, poëtikale en politieke gevare wat 'n uitwerking het op literêre magspolitek. Bowendien moet kriteria wat in die verlede gebruik is, opgeweeg word teen dit wat tans geld. Hy gaan in op die formalistiese benaderings waarmee Von Wielligh se werk deur generasies direk na hom gewee en te lig bevind is asook latere ideologiese beskuldigings dat hy die Khoi en San op 'n stereotipiese wyse uitgebeeld het. Hy vind dat veral laasgenoemde kritici soms te eng geoordeel het. In opvolging van Polis se uitsprake plaas hy ook die kwaliteit van teks-edisie by die onlangse heruitgawes van Von Wielligh se *Boesmanstories* onder die loop en vind dat die skrywer hier opnuut nie na behore behandel is nie.

Die 150ste publikasiedag van Multatuli se *Max Havelaar* is wêreldwyd gevier. In die artikel “Multatuli in Suid-Afrika” word na aanleiding hiervan verslag gedoen van 'n ondersoek oor die invloed van Multatuli se werk en idees in die algemeen op die Suid-Afrikaanse geesteslewe en letterkunde. Die resepsie van sy werk in die 19de eeu word na aanleiding van koerantberigte beskryf. In die 20ste eeu word twee belangrike “Multatuliane” (C.J. Langenhoven en C. Louis Leipoldt) se verbintenis met sy oeuvre nagegaan. Dit sluit belangrike keuses in vir die spreektaal (Afrikaans) bokant die formele taal (Nederlands). Verder word verskillende Multatuli-uitgawes bespreek en sy spore in anti-apartheidsromans uitgewys.

Ons bedank graag die keurders en Christa van Zyl wat die uitleg en grafiese ontwerp vir die voorblad gedoen het.